

12 MAART 2019

**Lukas 12:24: #Voorsiening**

***“Kyk na die kraaie, want hulle saai nie en hulle maai nie, hulle het geen voorraadkamer of skuur nie, en tog voed God hulle. Hoeveel meer is julle nie werd as die voëls nie!”***

Die hoof opskrif van hierdie skrifgedeelte verwys na die sorg van die lewe. Die sorg van die lewe veroorsaak baie groot bekommernisse by baie mense. Die kwelling van die lewe het baie mense al in 'n diep put van depressie laat beland. Daarom sê Jesus kwel julle nie oor die lewe wat julle gaan eet, of drink of gaan aantrek nie. Lukas 12:23 sê: “Die lewe is meer werd as die voedsel en die liggaam as die klere.” Filippense 4:6 verklaar: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.” Daarom is dit belangrik om op die Here te vertrou, want Hy is Jehova Jirha, die God wat voorsien. Ons dien die God van die onmoontlike.

Terwyl die manne moeg was en die hele nag deur niks gevang het nie, toe kom Jesus en sê: “Vaar uit na die diep waters en laat julle nette sak aan die regterkant. Alhoewel hulle vangste niks opgelewer het nie en hulle die see ken, het Petrus geantwoord: “Op U woord, Here sal ons dit doen.” Wanneer daar niks in die pot is nie verklaar Habakuk 3:17 “.....die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie...” Vers 18 sê dan: “Nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil.” Want dit is net Hy wat kan voorsien in my behoeftes”.

Die woord bemoedig ons as die kraaie nie saai en maai en geen voorraadkamer of skuur het nie en tog voed die Here hulle. Die vraag is, is ons nie meer werd as die kraaie nie? Jesaja 43:4 sê: “Omdat jy kostelik is in My oë, en hoog geag is, en Ek jou liefhet, het Ek mense in jou plek gegee.”

Vrede / Shalom.

